POLICY 07/2016 RAADSBELEID

MUNICIPALITY DAWID KRUIPER MUNISIPALITEIT

SUBJECT/ONDERWERP: **ARMLASTIGE ("*PAUPER*") BEGRAWINGS**

REFERENCE/VERWYSING: **16.6.B**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **22/10.2/2016 (SCM)** DATE/DATUM: **26 October 2016**

BELEIDSOOGMERK: Om hulpbehoewende oorledenes met geen naasbestaandes, gratis te begrawe of te veras.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die Raad het 'n morele verpligting om hulpbehoewende oorledenes in Dawid Kruiper munisipale area, met geen naasbestaandes, te begrawe of te veras - wat ookal die goedkoopste is.

RIGLYNE
Wanneer 'n hulpbehoewende deur die Munisipaliteit na 'n hospitaal verwys word en daar tot sterwe kom en geen naasbestaandes van die oorledene gevind kan word nie, moet die oorledene se begrawings- of verassingsonkoste volgens wetgewing deur die Munispaliteit gefinansier word. 'n Oorledene wat deur die SA Polisiedienste in die Munisipale area gevind is, se begrawings- of verassingskoste moet ook volgens wetgewing deur die Munisipaliteit gefinansier word.

PROSEDURE
1. 'n Verantwoordelike beampte van die SA Polisiedienste of Hospitaal in Dawid Kruiper munisipale area verwittig die Munisipaliteit skriftelik van 'n hulpbehoewende oorledene met geen naasbestaandes, wat volgens wetgewing die verantwoordelikheid van die Munisipaliteit is om te begrawe of te veras.

2. Parke hanteer die begrawings- of verassingskoste waarvoor op die bedryfsbegroting voorsiening gemaak is. Dit is nadat kwotasies ingewin is en die goedkoopste kwotasie aanvaar is.

3. Die suksesvolle begrafnisondernemer ontvang 'n skriftelike bestelling van die Munisipaliteit en voer die begrafnis of verassing, in die afwesigheid van enige roubeklaer, uit.

ROLLE
Parke Afdeling.

VERWANTE BELEID
Toekenning van gratis grafpersele aan hulpbehoewende naasbestaandes.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband, herroep word.